

PREEKSKETS: Lukas 12:22-34

Omdat ons as gelowiges so maklik in die tydgees van materialisme mee gesleur kan word EN omdat ons almal so vasgevang kan word in 'n gevoel van kommer en angs oor die dag van môre, wil Christus deur sy Woord vir elkeen van ons sê: **“WEES NIE BEKOMMERD NIE, WANT GOD SORG!”**

Die eerste gevolg van kommer is dat dit soos 'n onkeerbare krag besig is om my **LEWE TE VERNIETIG**. Waar DINGE jou god geword het, is die ware lewe besig om binne jou weg te kwyn. Nog 'n slegte gevolg van bekommerd wees oor dinge, is dat ek begin glo dat ek elke dag hard moet werk om op eie houdjie my eie klein koninkrykie hier op aarde te bou. Jesus vestig ons aandag op die waarheid dat God ons geskep het om in sy koninkryk besig te wees EN dat om waarlik te lewe beteken dat ek God moet verheerlik, want Hy is die een wat sorg dat my koskas vol is.

Weet jy hoekom lê ons nagte wakker van bekommernis? Dit is nie omdat God nie sorg nie, MAAR omdat ons geloof so klein is. Bekommernisse wat my nagte wakker hou is sonde. Dit is 'n mosie van wantroue in ons Vader wat sorg. Jesus sê kommer is iets wat pas by ongelowiges.

Gelowiges weet: **ONS VADER SORG!** Om sonder kommer te wees, is 'n proses wat begin omdat die Gees my hart oortuig dat ek 'n Vader het wat weet wat EK nodig het (v.30) EN dat God dit geniet om aan ons goed te doen (volgens vers 32). Die hart wat in Christus by God vasgevang is en sy vrede daar vind, vir so 'n hart word God se belange ook sy belange, daarom sê Jesus: *“Beywer julle vir sy koninkryk”*. God se koninkryk hier op aarde is daar waar sy wil, SY LIEFDE, die enigste maatstaf is en uitgeleef word. Christus weet dat daar nêrens 'n beter plek is om te leer van God se sorg en liefde vir sy kinders as wanneer jy sy liefde uitleef na die wat dit die nodigste het nie. Kommer vang my hart vas by wêreldse dinge. Christus wil dat ons harte vasgevang moet wees by die dinge wat tot in ewigheid by ons gaan bly. Waar die liefde van God uitgeleef word, daar kan ek sonder enige kommer leef in die sekerheid, **my Vader sorg!**

VIR VERDERE OORDENKING BY ONTDEKSGROEPE

1. In Job. 39-40 beskryf God maar net 'n paar goedjies waarmee Hy elke dag besig is. Lees net Job 40 en bespreek in die groep wat julle van God in hierdie gedeelte leer en hoe dit jou kan help in tye van bekommernis.
2. Lees Ps. 37:3-5 en deel met groep watter dinge daar is wat jy aan God gaan oorlaat en Hom tenvolle daarmee vertrou.

SOEK VERDER!

Wat gemaak as jy die dag jou werk verloor? Of as jy die hoeveelste slagoffer van nog 'n misdaad is? Dan help goedkoop praatjies niks. Ook nie liggewig troos nie. Nou die dag vertel iemand juis my dat sy moeg geprobeer is aan al die troos wat almal so goedkoop aan haar uitdeel. Want net mooi niks werk nie.

Hoor hier, daar is nie kits antwoorde nie, maar, God is steeds ons enigste troos. Nee, Hy is nie die antwoord op elke waarom-vraag nie. Ja jy't reg gelees! God bied, met respek gesê, nie kitsoplossings op aanvraag vir elke moontlike probleem aan, so asof Hy in ons diens staan nie. Vra maar vir Asaf in Psalm 73. Vir hom het God juis op 'n dag die eintlike probleem geword! Asaf se aanvanklike voorstelling van God as Een wat moes regstaan om Hom te help om sy eie idees van sukses en geluk te laat waar word, het sleg in duie gestort. Dit het gebeur toe hy agterkom hoe goed dit gaan met die skelms en hoe sleg dit met hom gaan wat God elke dag getrou dien. Dis mos nie regverdig nie, het Asaf gedink. Maar toe hy aanhou soek, het hy uiteindelik vir God op 'n nuwe manier gevind.

God spesialiseer nie in kitsantwoorde vir selfsugtiges nie, MAAR Hy is die antwoord vir elkeen wat opreg na Hom soek. Hy sal Homself laat vind deur elkeen wat na Hom dors. Die Here is rus vir elke moeë soeker. Nee, God skuld ons nie antwoorde op ons waaroms nie, maar Hy waarborg wel rus! Ook vir jou met al jou seer. Hou net aan soek. God kruip nie weg nie. Hy sal Hom laat vind! (Stefan Joubert)